



29 JULIE 2018

09:00 Erediens

Juan Aveling

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk

Almal welkom!

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Peet Crous

19:00 Belydenisklas

*Ons roeping: Om God se koninkryk te vestig
(’n Lewegewende gemeente) Grootgroep in die Kapel*

5 AUGUSTUS 2018

09:00 Erediens – Doop

Peet Crous

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk

Almal welkom!

09:30 Lynnwood Oord-diens

Johan Jooste

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Fay van Eeden

’Die lewe is...’-preekreeks

19:00 Belydenisklas

Sê jou sê, vra jou vraag. Kleingroep

Belydenisaflegging

Aansoek vir belydenisaflegging op 19 Augustus sluit op 12 Augustus 2018. E-pos asseblief so gou moontlik jou aansoekvorm aan bets@nglynnwood.co.za.



WINTERFEES

29 JULIE 2018

R100 p/p

BRING ASB JOU EIE EETGERE!
19:00 (na die kerkdiens)

Kontak vir Liani (079 506 4078) of die kerkkantoor vir kaartjies

verskeidenheid potte | winter poeding | glühwein | koffie & tee

**Wins ten bate van die opknapping van die Sjêk
(jeugsentrum)**



1 DOLLAR

— ‘n dag —

30 Jul- 5 Aug

Koop ‘n dollar-speld vir R15 by die Info-toonbank

1,1 biljoen mense leef op slegs een dollar 'n dag. Kom stap vir 'n week lank in hierdie mense se skoene deur deel te neem aan ons 1-Dollar-'n-dag-projek. **Hoe gaan dit werk?** Verbind jouself of jou gesin om van 30 Julie tot 5 Augustus te leef van \$1 per dag per persoon. Koop 'n dollar-speld vir R15 by die Info-toonbank of die kerkkantoor as 'n sigbare teken van jou verbintenis. Oorweeg om die ervaring te deel met vriende of ander gesinne ('n paar dollar saam sorg vir 'n groter/beter etc). Jy sou ook kon oorweeg om die kosgeld wat jy/julle die week spaar aan een van ons Caritas-projekte te skenk. Hou gerus dagboek of video-dagboek van jou ervarings. Stuur gerus jou video-dagboekstukkies na 083 478 0854. Ons sluit die week af met 'n gesamentlike-ete Sondagmiddag (5 Augustus) om 16:00 by die kerk. Vir meer inligting kontak gerus vir Fay van Eeden 083 478 0854 of Armand Fourie 084 513 3914.

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag: Ringsitting 17:00 (Universiteitsoord).

Dinsdag: Bybelstudie 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572.

Bybelstudie 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.

Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413.

Ringsitting 17:00 (Universiteitsoord).

Nuwe Generasie Bybelskool 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660.

Woensdag: Ratanang-Vroueaksiegroep vir huishulpe 14:30 (Koinonia) – Annatjie Pienaar 072 146 8212.

Ringsitting 17:00 (Universiteitsoord).

Donderdag: Bybelstudie 09:30 (Lynnwood Oord).

Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413.

Jong Volwasse-omgeegroep 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.

Vrydag: Bybelstudie 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.

Gebedsgroep 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Voorbidding:

Daan en Madelien Mills, Strubenkop 368, Lynnwood, 082 923 5699 – Madelien se pa, Andrie du Toit, is oorlede. Begrafnis was Vrydag.

Riaan en Melani Jonker, Selikats Causeway 285, Faerie Glen, 083 680 6071 – Melani se pa ernstig siek.

Bewys van Lidmaatskap:

Gerda en Ernst Malherbe, Lynnwood Mews 51, Kings Highway 401, Lynnwood, 082 322 1918.

Ya Bana-uitreik:

Ek sou nooit kon raai hoe vervullend dit vir my sou wees om by *Ya Bana Village* betrokke te raak nie. Ek weet dat ek 'n verskil maak in die lewens van 40 kindertjies – maak nie saak hoe klein my aksies is nie. Net die feit dat iemand daar buite omgee beteken baie.

Ons wil graag vir mense verskillende opsies gee om betrokke te raak, daarom het ons 'n webwerf geskep spesifiek vir die doel:

www.yabanavillage4mandeladay.com. Hier het ons aksies wat strek van: voor jou rekenaar ons Facebook-blad deel met ander, tot 'n braai by *Ya Bana Village* met jou gesin of vriende.

Ek wil jou aandag vestig op ons **67 dae van**

bedagsaamheid veldtog – dit gaan 'n pret manier wees om betrokke te raak en vir *Ya Bana Village for the Children* blootstelling te gee. Gaan loer gerus by: <https://www.yabanavillage4mandeladay.com/viral-campaign> en word deel van, en deel, dié bedagsaamheid veldtog. Ons hoop om die hele wêreld betrokke te kry! Navrae: Naomi 083 534 4850.

"*geeREG" Maaltydkoepon-stelsel:

Elke dag word daar in die strate van Pretoria en Centurion 'n bedrag van tot R4 miljoen vir bedelaars gegee. Solidariteit Helpende Hand se navorsing het vasgestel dat tot 90% van bedelaars dwelms misbruik. Die probleem word elke dag net groter. Deur die geeREG-projek kan u maaltydkoepons koop wat die behoeftes van bedelaars baie meer verantwoordelik aanspreek. Maaltydkoepons is by die Info-toonbank of die kerkkantoor beskikbaar @ R15 elk.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing. Bank-besonderhede: NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Belydenisklas-uitreik op 19 Augustus.
Moet dit nie misloop nie – teken solank die datum aan!



Snap here to pay

SnapScan

Kontak van die week: *sorg vir jou siel*

Mense doen oor die algemeen baie moeite om te sorg vir hulle liggaamlike gesondheid. Daar is oefenprogramme, diëte, mediese ondersoeke en medikasie vir amper elke kwaal. Natuurlik is dit goed en deel van 'n gesonde verstaan van die Koninkryk van God want ons is geroep as rentmeesters vir ons liggame. Ek wonder net soms wat die impak sou wees as mense met dieselfde toewyding aan die ontwikkeling van 'n gesonde spiritualiteit kon werk?

Die woord "besielend" dui daarop dat iets met ryk inhoud gevul word wat andersins leeg sou wees. So is 'n lewe sonder aandag aan die siel arm en leeg. Een of ander vorm van geestelike sorg is nodig vir jou algemene gesondheid as mens. Die siel kan nie maklik beskryf word nie, maar dit vorm die kernpunt waar al die fasette van jou menswees bymekaar kom. Hier ontmoet jou denke, emosies, liggaam, wil en verbeelding mekaar. Dit is die as waarom jou lewenswiel met al sy fasette draai.

Die kuns van sielsorg werk soos wat mens vir 'n plant sorg met water, sonlig, kos, geduld en verwondering. Wat jou asem wegslaan is dat jy nie die groeiwerk doen nie! Al wat jy doen is om die plant te gee wat nodig is en op 'n plek te plaas waar die wonderlewe kan ontkiem, groei en vrug dra.

Jou sielsorgaksies laat nie jou geestelike lewe groei nie, maar skep 'n kanaal vir God om in jou te werk en lewe te gee. God werk en ons gee mee. Hierdie punt is krities belangrik, anders sny jy jou geestelike plant morsaf met jou hoogmoed en oorgrootte ego.

Sorg vir die siel is 'n heilige kuns. Die doel van dié sielskuns is nie om die lewe probleemvry te probeer kry nie. Sielskuns nooi jou om dieper te leef, innerlike rykdomme te ontdek, met meer betekenis te leef en meer waarde aan die lewe te heg. Dit gebeur as jy God se teenwoordigheid in jou lewe ontdek en uit die Ewige Fontein van Lewe leef.

Elkeen se sielsplant verskil. Jy word genooi om te leer ken waar en hoe jou siel gevoed word. Dalk is dit om in die natuur te wees, stil te wees, Bybeltekste te lees wat jou aangryp, 'n erediens by te woon, 'n boek te lees, te bid, sport, kuier, musiek of kuns. Die vraag is nie *wat jy doen* nie, maar *of jy iets doen* om te sorg vir jou siel. Maak jy tyd? Belê jy van jouself in die proses?

Wanneer die vars Lewende Water in jou lewe invloei sal jy met 'n nuwe huppel in jou stap opstaan, nuwe rykdomme in gewone klein dingetjies ontdek, diep vrede ervaar in die grootste uitdagings en die Ewige se omarming beleef in jou pyn. Jesus het gekom om ons siel te voed met Homself! Dit is hoe Hy jou dors en honger vir ewig stil. Sorg vir jou siel.

T-Tyd

Gaan sit rustig in jou T-Tyd êrens waar jy 'n plant kan sien. In die bewussyn van God se teenwoordigheid, maak jou wese oop dat die Heilige Gees jou kan lei met indrukke wat jy ontvang as jy na die pant of boom kyk. Raak bewus van die wortels wat diep soek na voeding en die blare wat suurstof en lig indrink. Voel vir 'n oomblik jou eie siel se diep dors na lig, voeding en water. Alles is nou tot jou beskikking net daar waar jy is; gratis uit genade. Vertrou die Gees om jou nou te lei. Sorg vir jou siel is om die Groot Tuinier toe te laat om te doen wat Hy in jou wil doen.

Lees gerus ook Johannes 7:37-39.

Groete

Immanuel van Tonder

(Namens die predikantespan)

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkekers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Informatiebank na die diens vir enige navrae.

Naam _____

Selfoonnommer _____ Landlyn nommer _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

Handtekening _____

Datum _____

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.

*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za



Gevind: Volkswagenmotorsleutel by die kerk gevind – kontak asseblief die kerkkantoor by 012 348-1245.

Enkelpersoon-woonstelletjie (Batchelor) onmiddellik beskikbaar. Baie sentraal geleë 100m vanaf Lynnwood Bridge en Glenfair-winkelsentrum. Ook naby Varsity College en St. Alban's. Huur beloop R3600 per maand. Vol deposito en huurkontrak 'n vereiste. Skakel Paul 082 371 5389.

Transoranje-Skool vir Dowes: Vir die eerste keer ooit gaan die gewilde groep TOUCH OF CLASS saam met Transoranje Gebare Koor 'n *SOUND OF SILENCE*-konsert hou op Donderdag 26 Julie 2018 om 19:00 in die Aula Teater, UP kampus. R150 p.p. (kinders onder 6 jaar gratis). Kaartjies kan bespreek word by transoranje3@gmail.com. Moenie dit misloop, hierdie konsert gaan baie spesiaal wees!

Kraakvars Classics: 'n lig-klassieke produksie aangebied deur NG Kerk Jan Niemandpark, vir fondsinsameling, op 26 Augustus om 16:00 by Choose Life Ouditorium, Rubensteinrylaan 589, Moreletapark. Soliste André Schwartz, Burgerd Botha, Henry van Dyk, Veramarie Meyer, Charlotte Killian, Helena Ceronio en die Capital Filharmoniese orkes onder leiding van Schalk van der Merwe. Kaartjies: 083 289 1869 danievr@lantic.net (Danie van Rensburg) R200 – R250).

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.


Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.



Kontak ons: 012 348 1245, kerkkantoor@nglynnwood.co.za. Web: www.nglynnwood.co.za

Ma – Do 07:30 – 13:00 en Vry tot 12:00. Koster: Juan Ferreira 084 588 4948. Kombuis: Maretha Brits 073 267 7019.

Kom  ons en gesels saam op Facebook by *Lynnwood Gemeente*,
Nuwe Generasie (@nuwegenerasielynnwood) of Musiek at Lynnwood Gemeente.